

Brei blomme vir baba

Brei gou dié oulike uitrusting vir 'n skattige kleinding. Deur Riana van der Merwe

Hierdie patroon is vir ervare breisters. Die uitrusting bestaan uit 'n broekie en 'n baadjie wat aan die rugkant oorvou. Die blomme kan ingebrei word of bo-op in duplikaatsteek geborduur word.

KOSTE: Sowat R26,00

MATE: Om vir babas van 3(6;9) maande oud te pas.

WARE GROOTTE:

Oorvoubaadjie: bors: 53(56;58) cm Lengte

tot skouer: 24(26;28) cm Mounaat: 18(19;21) cm

Broekie: Random heupe: 67(71;75) cm Lengte tot heupe: 23(24;25) cm

BENODIGDHEDE Pingouin Family Knit vierdraad (50 g-bolle): **Vir baadjie:** 2 bolle wit (kleur-nr. 01, A), 1 bol elk tamatierooi (39, B) en jadegroen (07, C); 2 knope. **Vir broekie:** 2 bolle A, 1 bol B; rek van 2 cm breed om om middeltjie te pas. Paar elk Inox-breinaalde van 2,75 mm en 3,00 mm;

Inox hekelpen van 2,50 mm.

Let wel: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelijkheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

SPANNING

28 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 3,00 mm-Ne.

Die regte spanning is uiters belangrik. Indien daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.



AFKORTINGS

Breiwark

alt - alternatiewe

aw - brei aweregs

beg - begin

gs - glipsteek

grtgso - glip een st, r een st, trek gs oor

gr2gtso - glip een st, r2tes, trek gs oor

grn - gare rondom naald

gv - gare vorentoe

herh - herhaal

ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs)

N(e) - naalde

oorbl - oorblywende

pat - patroon

r - brei regs

rif - riffelsteek, r1, aw1

R(V)K - regte (verkeerde) kant van werk

st(e) - steek(steke)

vermeer - vermeerder

vermin - verminder

vlg - volgende

weersk - weerskante

Hekelwerk

ks - kettingsteek

kb - kortbeen

gs - glipsteek

Krapsteek - kb van links na regs om 'n koordjie-afwerking te verkry.

Wenke: Gebruik afsonderlike, klein bolletjies breidraad wanneer die blommotiewe ingebrei word. Gebruik vanaf die 17e ry ook afsonderlike bolle A aan weersk en tussen motiewe. Draai altyd die breidraad aan agterkant ineen wanneer van kleur verander word. Indien verkies, kan die motiewe later met duplikaatsteek gebordu word.

BAADJIE

Voorpant

Gebruik 3,00 mm-Ne en B en stel 77(81;85) ste op; beg dadelik brei volgens diagram 1; die hekelwerk word later gedoen.

1e ry: Met B, r. Heg A vas.

2e ry: aw0(1;0)A, 2(3;2)B, *1A, 3B*; herh van * tot *, eindig 1A, 2(0;2)B.

Brei volgens diagram, beg en eindig by aangeduide posisies vir maat wat gebrei word, tot 9e ry voltooi is. Knip B af.

10e - 13e ry: Met A. Beg daarna 3 motiewe.

14e ry: aw16(18;20)A, *heg C vas, aw1C, dan aw21A*; herh van * tot *, heg C vas, aw1C, dan aw16(18;20)A.

15e en 16e ry: Brei pat soos vasgestel, draai C om A aan beg van elke motief.

17e ry: r13(15;17)A, *draai C om A, r7C, heg A vas, r15A*; herh van * tot *, draai C om A, r7C, heg A vas, r13(15;17)A. Brei hierdie 3 motiewe soos vasgestel tot hulle by 28e ry voltooi is.

29e - 34e ry: Met A. Beg dan 2 motiewe.

35e ry: r27(29;31)A, heg C vas, r1C, dan r21A, heg C vas, r1C, dan r27(29;31)A.

Brei 2 motiewe in dié posisies, tot hulle voltooi is; beg daarna 3 motiewe by 56e ry. Terselfdertyd, brei sonder vorming tot werk 13(14;15) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van vlg 2 rye.

Brei voort op 67(71;75) ste tot laaste 3 motiewe voltooi is; brei dan voort met A om voorpant te voltooi tot werk 21(23;25) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Hals- en skouervorming, 1e ry:

r28(29;30), plaas hierdie ste op 'n reserwenaald, heg vlg 11(13;15) ste af, r tot einde.

Regterskouer: Brei op oorbl 28(29;30) ste, aw 1 ry.

****Heg 3 ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand in daaropvlg 2 alt rye, dan 1 st in vlg 3 alt rye - 18(19;20) ste.**

Hou halsrand reguit en heg vir skouervorming 6 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry, brei nog 1 ry, heg oorbl 6(7;8) ste af.

Linkerskouer: Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste op reserwenaald vas en voltooi soos uiteengesit van ** tot einde.

Regteragterpant

Gebruik 3,00 mm-Ne en B en stel 52(55;58) ste op, brei pat volgens diagram 1.

1e ry: Met B, r. Heg A vas.

2e ry: aw1(2;3)B, *1A, 3B*; herh van * tot *, eindig met 1A, 2(0;2)B.

Brei pat soos vasgestel tot 9e ry voltooi is. ***Knip B af en brei met A. Daar word geen motiewe op agterpante ingebrei nie. Brei sonder vorming tot werk so lank is soos voorpant tot mousgatvorming, eindig met 'n aw-ry.

Mousgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van daaropvlg ry, brei dan op oorbl 47(50;53) ste tot werk 24(26;28) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Skouer- en halsvorming: Heg 6 ste af aan beg van vlg ry en 25(27;29) ste aan beg van daaropvlg ry vir halsvorming. Heg 6 ste af aan beg van daaropvlg ry en 4 ste aan halsrand van vlg ry. Heg oorbl 6(7;8) ste af om skouerafskuinsing te voltooi.

Linkeragterpant

Gebruik 3,00 mm-Ne en B, stel 52(55;58) ste op, brei pat volgens diagram 1.

1e ry: Met B, r. Heg A vas.

2e ry: aw0(1;0)A, 2(3;2)B, *1A, 3B*; herh van * tot * en eindig met 1A, 1(2;3)B.

Brei pat soos nou vasgestel tot 9e ry voltooi is, brei dan soos uiteengesit vir regteragterpant van *** tot einde, maar met omgekeerde vorming.

Moue

Gebruik 3,00 mm-Ne en B, en stel 47(51;55) ste op; brei pat volgens diagram 2.

1e ry: Met B, r. Heg A vas.

2e ry: aw3(1;3)B, *1A, 3B*; herh van * tot *, eindig met 1A, 3(1;3)B.

Brei pat soos vasgestel en vermeer 1 st aan

weersk van 9e ry op diagram - 49(53;57) ste. Knip B af.

10e - 13e ry: Met A, ks.

14e ry: aw13(15;17)A, heg C vas, aw1C, dan aw21A, heg C vas, aw1C, dan 13(15;17)A.

15e en 16e ry: Soos vasgestel, maar vermeer 1 st aan weersk van 16e ry - 51(55;59) ste.

17e ry: r11(13;15)A, draai C om A, r7C, heg A vas, r15A, draai C om A, r7C, heg A vas, r11(13;15)A.

Brei pat soos vasgestel en brei nog 4 rye sonder vorming; vermeer 1 st aan weersk van vlg ry, daarna elke vlg 6e ry nog 6(7;8) keer; terselfdertyd, wanneer die motiewe voltooi is, knip ekstra bolle breidraad af en brei slegs met A. Wanneer vermeer voltooi is, brei op 65(71;77) ste tot werk 18(19;21) cm lank is vanaf beg. Heg alle ste af.

Afwerking

Werk skouernate toe.

Halsboordjie: Met RK voor, 2,75 mm-Ne en A, tel op en r31(33;35) ste uit halsrand van linkeragterpant, 41(43;45) ste uit halsrand van voorpant en 31(33;35) ste uit halsrand van regteragterpant - 103(109;115) ste. Brei rif.

1e (VK-) ry: r1, *aw1, r1*; herh van * tot einde.

2e ry: aw 1, *r1, aw1: herh van * tot einde. Herh dié 2 rye een keer, heg daarna lossies rifs-gewys af.

Regteragterpantstrook: Met RK voor, 2,75 mm-Ne en A, tel op en r83(89;95) ste uit regteragterpanttrand en kort kant van halsboordjie.

Brei soos 1e ry van halsboordjie, maak dan knoopsgat.

2e ry: Beg aan halsrand, aw1, r1, aw2tes, grn, rif tot einde. Brei nog 2 rye rif, heg dan lossies, rifs-gewys, af.

Linkeragterpantstrook: Soos regterkant, tot 1e ry voltooi is.

2e ry: Rif tot laaste 4 ste, grn, aw2tes, r1, aw1. Brei nog 2 rye rif, heg dan lossies, rifs-gewys, af.

Werk moukoppe aan mousgatrante vas, werk mousgatafhegtings aan laaste 7 rye van syrande van moue vas. Werk sy- en mounate toe.

Gehekelde randjies: Met RK voor heg B aan basis van regteragterpantstrook vas; 1ks, hekel dan met kb, eweredig verdeel, al om onderrand van baadjie; moenie draai nie; hekel 1ks, maak dan 'n ry krap-st oor die rand. Knip werkdraad af.

Eerste mouboordjie: Met RK voor, heg B aan basis van mounaat vas; 1ks, dan kb oor mouboordjierand, verbind met 'n gs.

Moenie draai nie, 1ks, hekel nou krap-st rondom, eindig met gs. Doen dieselfde by tweede moutjie.

Plaas regteragterpant oor linkeragterpant sodat die totale breedte van twee agterpante dieselfde as dié van voorpant is.

Werk knope vas om met knoopsgate

ooreen te stem, 1 knoop aan regte kant van linkeragterpant en die ander aan binnekant van regteragterpant.

KORT BROEKIE

Agterpant

Gebruik 3,00 mm-Ne en B, beg by onder-rand van een broekspyp en stel 55(58;61) ste op; beg dadelik met pat volgens diagram 1.

1e ry: Met B, r. Heg A vas.

2e ry: aw3(2;1)B, *1A, 3B*; herh van * tot *.

3e ry: *r2B, 2A*; herh van * tot *, eindig met 2(2;1)B, 1(0;0)A.

4e ry: aw2(1;0)A, 1B, *3A, 1B*; herh van * tot *. Knip B af.

5e ry: Met A, r. Heg B weer vas.

6e ry: Soos 4e ry.

7e ry: Soos 3e ry.

8e ry: Soos 2e ry. Knip A af.

9e ry: Met B, r. Knip B af, heg A vas en brei voort in ks, met slegs A, sonder vorming tot werk 5(5;5;6) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n r-ry.** Knip werkdraad af, plaas ste op 'n reserwenaald. Brei tweede broekspyp op dieselfde manier tot **.

Vlg ry: aw ste van 2e broekspyp, dan aw dié van eerste broekspyp - 110(116;122) ste. Brei vorming in middel soos volg:

1e ry: r51(54;57), r3tes, r2, gr2tgso; r51(54;57).

2e en alt rye: Deurgaans aw, sonder vorming.

3e ry: r49(52;55), r3tes, r2, gr2tgso, r49(52;55).

5e ry: Brei 'n dubbel-vermin soos voorheen aan weersk van middelste 2 ste.

7e ry: r46(49;52), r2tes, r2, grtgso, r46(49;52).

9e ry: Brei 'n enkel-vermin soos in 7e ry aan weersk van middelste 2 ste. Brei op oorbl 94(100;106) ste sonder vorming tot werk 23(24;25) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n aw-ry.

Vermin-ry: aw4(3;2), (aw2tes, aw2) 21(23;25) keer, aw2tes; aw4(3;2) - 72(76;80) ste.

Slaan oor na 2,75 mm-Ne en brei 6 cm rif. Heg lossies, rifsgeewys, af.

Voorpant

Soos agterpant.

Afwerking

Werk synate toe. Met RK voor, heg B aan onderrand van een broekspyp vas; 1ks, hekel dan 1kb in elke alt st rondom onderrand, ryg sodoende die onderrand in.

2e ry: 1ks, dan, steeds met RK voor, hekel 'n ry krap-st, plaas 1 st in elke kb. Heg af. Hekel ook so 'n randjie aan tweede broekspyp.

Werk binnebeennate toe. Knip rek om middel-tjie van baba te pas, plaas punte oor mekaar en werk goed vas. Vou middelboord na VK dubbel oor die rek en glijpsteek afhe-grand aan 1e ry van riffelboord vas. □

Diagram 1




Diagram 2




FOTO EN PATROON VAN PINGOUIN;
PATROON VERSORG DEUR SJOUKIE JORDAAN